# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (37/13)

*Justin Chadwick (14 September 2013)*

***GESEGDE VAN DIE WEEK "All of us need to stick to our pledge to fight back against protectionism. It is worrisome to see so many restrictive measures still being adopted and virtually none abolished. The G20 agreed a long time ago to avoid protectionist tendencies because we all know these only hurt the global recovery in the long run."*** *Commissioner De Gucht, EU Commission [Comment - some introspection needed me thinks]*

## CHINA EN HONG KONG

In 2004 het Suid-Afrikaanse sitrus toegang na China verkry, gevolg deur tafeldruiwe twee jaar later. Die fokus van die afvaardiging van die vrugtebedryf wat China Plantgesondheid (AQSIQ) laas week besoek het, was om die aansoekproses vir appels te bevorder. Vanuit 'n sitrus-oogpunt was die hoofdoel om geleenthede te ondersoek om met AQSIQ oor alternatiewe tot die huidige koue sterilisasie behandeling asook die operasionele en administratiewe sake met betrekking tot die protokol, te vergader. Die afvaardiging het 'n hartlike verwelkoming van die AQSIQ amptenare ontvang, en die besprekings het in 'n ontspanne en positiewe gees plaasgevind.

AQSIQ is oop om alternatiewe reëlings met betrekking tot koue steri te bespreek – op voorwaarde dat genoegsame tegniese inligting verskaf word, wat hul sal oortuig dat die peste van belang voldoende aangespreek is. Dit is voorgestel dat 'n tegniese werksgroep gevorm word om die sake van wedersydse voordeel en belange, te bevorder. Die AQSIQ-amptenare het hul bekommernis uitgespreek oor die administrasie rakende die protokol in 2013. Hierdie adminsitratiewe probleme het bygedra tot die werkslading van die AQSIQ-amptenare, wat alreeds 'n vol werkslading het. Hierdie probleme sal tydens die voorbereiding vir die 2014-seisoen aangespreek word.

Die Suid-Afrikaanse afvaardiging het ook ondersteuning en deelname vir die jaarlikse "China World Fruit and Vegetable Fair" wat aan die einde van November 2013 in Beijing gehou gaan word, belowe.

Die Beijing Xinfadi "Agriculture Products Wholesale" mark was 'n miernes van bedrywighede tydens ons besoek – en ons is tuis laat voel met 'n Suid-Afrikaanse vlag wat oor die pakhuise gewapper het en een van die koelkamers heet "South Africa". Daar was ook baie Suid-Afrikaanse sitrus in die koelkamers, volgens verkopers is die gehalte van Suid-Afrikaanse sitrus goed en die pryse redelik. Meeste van die vrugte is met trokke vanaf die Guangzho- provinsie aangery, met party wat kom van Shanghai.

'n Welwillendheidsbesoek aan die Suid-Afrikaanse Ambassadeur in Beijing, H.E. Dr Bheki W J Langa het beteken dat ons hom persoonlik kon bedank vir die hulp wat vanaf die Landbou Attaché (Washiela Williams) en Cathy Liu (Inligtings-Assistent) ontvang is. Ons het hom ook op hoogte gebring met die stand van die marktoegangs-kwessies en hy het ondersteuning vanaf die Ambassade vir die vrugtebedrywe se aktiwiteite belowe.

Volgens die organiseerders het die Asia Fruit Logistica met nog 'n 10% in terme van vloerspasie gegroei. Daar is 'n baie meer ontspanne atmosfeer in Hong Kong in vergelyking met die Fruit Logistica in Berlyn. Die indrukwekkende Suid-Afrikaanse stalletjie het egter altyd gegons – geluk aan Anton en Marletta van FPEF vir die samestelling van die stalletjie en vir die omsien na besoekers aan die stalletjie. Vanjaar is die stalletjie heeltemal deur die bedryf befonds - met SATI, HORTGRO, CGA en FPEF as borge. By die handelskou het suidelike halfrond afgevaardigdes by 'n SHAFFE -byeenkoms vergader om sake van gemeenskaplike belang met betrekking tot die Oosterse markte, te bespreek.

## CGA RAAD

By hierdie week se CGA Raadsvergadering is Ben Vorster (Letsitele) tot die Uitvoerende Komitee verkies (neem die vakante plek in van Dr Hoppie Nel - 16 jaar veteraan ). Erkenning is aan Hoppie gegee vir sy lang diens op die Raad, hy was die enigste bestaande Raadslid toe die Raad sowat 16 jaar gelede ingestel is - Antoine Rouillard. Ander lede wat erkenning vir tien jaar diens of meer op die CGA Raad ontvang het, is George Hall, Graham Piner, Jock Danckwerts en Per Noddeboe. Die Voorsitter het die ontvangers bedank en ook die belangrike rol wat alle Raadslede speel om die produsente vereninging te lei, tot voordeel van ALLE produsente in suider-Afrika, beklemtoon.

George Hall is tot die CGA Kultivarmaatskappy se Raad verkies (vervang Jock Danckwerts); terwyl die produsente verteenwoordigers op die CRI Raad onveranderd gebly het (Hoppie Nel, Louis von Broembsen, Piet Smit, Fanie Meyer, Mike Woodburn en Deon Joubert).

## GEPAK EN VERSKEEP

| Tot Week 37 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike skatting | Nuutste voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | 2011 | 2012 | 2013 | 2012 | 2013 | 2013 | 2013 | 2012 |
| Pomelo's | 14.4 m | 12.9 m | 17.6 m | 11.7 m | 15.5 m | 15 m | 17.8 m | 13 m |
| Sagte Sitrus | 6.9 m | 7.5 m | 8.1 m | 7.4 m | 7.9 m | 8.2 m | 8.1 m | 7.6 m |
| Suurlemoene | 10.5 m | `10.2 m | 10.3 m | 10.2 m | 10.3 m | 11.1 m | 10.3 m | 10.5 m |
| Nawels | 21.1m | 24.5 m | 25.3 m | 24.5 m | 25.3 m | 24.9 m | 25.3 m | 24.6 m |
| Valencias | 29.9 m | 32.6 m | 37.5 m | 32.3 m | 28.3 m | 47.7 m | 45.7 m | 47.2 m |
| Totaal | 82.8 m | 87.7 m | 98.8 m | 86.1 m | 87.3 m | 106.8 m | 107.2 m | 103 m |

Pomelo's wat gepak is sluit 1 miljoen kartonne en Valencias wat gepak is sluit 2.3 miljoen kartonne van Swaziland en Zimbabwe in.

**SUIDER AFRIKA SE SITRUS PRODUSENTE SE MAATSKAPPYE CGA, XSIT, CRI, RIVER BIOSCIENCE, CGACC EN CITRUS ACADEMY VERSEKER 'N KOMPETERENDE EN VOLHOUBARE BEDRYF**